

GENEALOGIESE GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Noord-Transvaal Tak

GENEALOGICAL SOCIETY OF SOUTH AFRICA

Northern Transvaal Branch

P.O. Box 75292, Lynnwood Ridge 0040 . Posbus 75292, Lynnwoodrif 0040.

[ntvl@ggsa.info](mailto:ntvl@ggsa.info)

---

ANNUAL REPORT FOR 2006 TO THE NATIONAL A.G.M. — PINETOWN, FEBRUARY,  
2007 JAARVERSLAG VIR 2006 AAN DIE NASIONALE A.J.V. — PINETOWN, FEBRUARIE  
2007.

---

**BESTUURSKOMITEE . MANAGEMENT COMMITTEE**

Die Bestuur vir 2006 het bestaan uit **Dr. Thys Van Wyk** (Voorsitter), **Joubert Botha** (Ondervoorsitter en Nuusbrief), **Wilna de Bruyn** (Tesourier), **Margaret Lodder** (Sekretaresse), **Ellen Harmse** (Nuwe Lede en Navorsing), **Anna Martin** (Biblioteek) en **Petro Naudé** (Skakeling en Bemarking).

Gedurende die jaar moes Thys van Wyk hom onttrek weens siekte, en het Joubert Botha tydelik waargeneem as Voorsitter.

Wilma de Bruyn het vroeg in die jaar gevind dat as gevolg van werkdruk sy nie kan volhou met die finansies van die tak nie, en het Margaret Lodder ingestem om tot die einde van die jaar in te staan as Tesouriere. Hierdeur is haar reeds hoë werklast as baie bekwame Sekretaresse aansienlik verhoog, ten koste van haar eie navorsing. Die tak is haar baie dank verskuldig dat sy bereid was om hierdie opoffering te doen.

**MEMBERSHIP . LIDMAATSKAP**

There has been an increase in membership of the branch, from 130 in 2005 to 148 in 2006. The number includes 8 octogenarians and 1 honorary member.

Four members do not subscribe to the Newsletter, while eight non-members do so.

**JAAR-AKTIEWEITE . ACTIVITIES DURING THE YEAR.**

**11 Maart:** Genealogie Werkswinkel, 'n paneelbespreking met Isabel Groesbeek (leier), Thys du Preez en Daan Hamman.

**8 April :** Die GGSA se Publikasies en Produkte - hardekopie en elektronies. Richard Ford het gepraat oor wat die redakteur van 'n tydskrif te wagte is, terwyl Daan Hamman verwys het na die groot hoeveelheid werk verbonde aan die voorbereiding van die verskillende produkte wat lede te koop aangebied word, bv. *Omnibus*, e.a.

**13 Mei :** Die vergadering het die vorm aangeneem van 'n aansit-middagete ter viering van die veertigste verjaardag van die tak Noord- Transvaal. Gasspreker was Dr. Graham Dominy, Nasionale Argivaris, met Dr. Willem Cruywagen as model-seremoniemeester. Die heildronk is deur Richard Ford ingestel, terwyl Thys du Preez as veteraan-lid van die tak, 'n sprankelende rede gelewer het oor sy ervarings in “die ou dae.”

**10 Junie :** Hoe om te werk te gaan om genealogie-navorsing gepubliseer te kry. Spreker Hendrik Louw.

**8 Julie :** Peter Dickson, Joewie Delpont en Dr. Peet Joubert het elk vertel van die opwindende, ontmoedigende en onverwagte meevallers by navorsing oor die genealogie, soos hulle dit ondervind het.

**12 Augustus :** 'n Baie interessante besoek aan die LDS Family History Centre in Parktown, Johannesburg.

**9 September :** Ronnie Beyl het gepraat oor *Hoe om 'n Familiewapen te Ontwerp en te Registreer*, en Müller Pretorius oor *Rêelings vir 'n Familiebond en 'n Familiefees*.

**7 Oktober :** Dr. Andrew Kok het 'n bespreking gelei oor die gebruik van rekenaars en die internet by familienavorsing. Hy het 'n handige lys verskaf van sy Gunsteling- en Familiewerewe.

**11 November :** Dr. Jaco Greeff, Genetikus, Universiteit van Pretoria, oor *Afrikaners, Meesal Van der Merwe?*

#### **FINANCES . FINANSIES**

The balance sheet of the branch, which is currently being verified by the Auditor, shows the improvement of our financial position, end-2005 compared with end-2006 :

	<u>Dec. 2005</u>	<u>Dec. 2006</u>
Cheque account	7 051,80	8 782,53
Fixed Deposit	14 197,84	14 808,25
Petty Cash	173,54	12,93
<b>TOTAL</b>	<u>21 423,18</u>	<u>23 603,71</u>

#### **BIBLIOTEEK . LIBRARY**

Die tak se biblioteek is tans gehuisves in die biblioteek en argief van die Erfenisstigting in die Voortrekker monument met 'n rekenaar fasiliteit wat lede instaat stel om toegang te kry tot die genealogiese bronne van die Stigting, asook tot ons eie besit, danksy die geduldige ontsluiting daarvan per hand deur Anna Martin.

Daar is in 2006 'n bedrag van R 1 147 bestee op 63 boeke, 142 tydskrifte en 2 stelle dokumente. Gedurende die jaar het die Mark Tapping versameling bygekom, wat nog in die proses van indeksering is, en wat deur Anna Martin op 'n professionele wyse hanteer word. Wyle Mnr. Mark Tapping was lank 'n hoog-gewaardeerde lid van die GGSA. Ons dank aan mev Caroline Clark, wyle mnr Tapping se dogter, wat sy versameling aan ons geskenk het.

Gedurende die jaar was die personeel van die Stigting so vriendelik om die tak se boekery oor te dra in kaste wat gesluit kan word, om daarby 'n beter beheer oor die gebruik van die boeke te verkry. Die tak is die personeel van die Stigting baie dank verskuldig vir die moeite wat hulle gedoen het om ons boekery meer toeganklik te maak, en terselfdertyd ook spasie te spaar. Wanneer die biblioteek van die Stigting verhuis na die nuwe gebou, sal die tak s'n ook oorgeplaas word. Dan sal 'n meer professionele diens gelewer kan word deurdat lede nie meer toegang sal hê tot die boeke self nie, maar wel via die toonbank-assistente.

In November 2006 is die bruikleen-ooreenkoms tussen die Erfenisstigting, die GGSA en die GGSA Noord-Transvaal tak hernu. Dit het gevolg op deeglike besinning van die ooreenkoms, en die moontlike uitbouing daarvan in die toekomst. Volgens die ooreenkoms sal die Stigting voortgaan om die tak se Biblioteekversameling, die Peter Holden versameling en 'n versameling van GGSA-publikasies te huisves en instand te hou, teen 'n minimale koste vir die Genootskap. Ons dank aan generaal Opperman vir sy volgehoue belangstelling in hierdie ooreenkoms wat so veel vir die tak beteken. Daardeur verkry die tak 'n welkome vaste adres vir sy bronneversameling en oorkom dit 'n probleem waarmee die tak lank gesukkel het.

#### **THE VAN WYK PROJECT**

Work on the Van Wyk project continued through last year (2006). It has, over the past few years, been under the professional auspices of Isabel Groesbeek. It has already led to the issue of 3 CDs, the marketing of which is organised through the National office.

#### **SKAKELING EN BEMARKING**

Petro Naudé het hierdie taak in Maart oorgeneem. Sy is verantwoordelik vir die kennisgewing van ons vergaderings in die verskillende media, en het ook twee antiek-marke bygewoon namens die tak, bygestaan deur vyf ander lede. Isabel Groesbeek het ook veel gedoen om die GGSA wyer bekend te stel deur middel van 'n radiopraatjie en haar werksinkels, by Potchefstroom en twee geleenthede in Pretoria. Petro het ook met Paul

Maré in verbinding getree in verband met die tak se webtuiste. Dit is nou vriendeliker opgestel, en kan Petro nou direk op die webtuiste veranderings aanbring, bv. die tak se program vir 2007 is reeds ingesleutel, en sal deurgaans in 2007 opdateer word indien nodig.

#### **NUWE LEDE**

Ons was in 2006 baie suksesvol met die bekendstelling van nuwe lede. Hierdie portefeulje is aan Ellen Harmse opgedra, wat getrou gesorg het dat nuwe lede uitvoeriger as tevore aan lede bekend gestel is deur die Nuusbrief.

#### **BESTUURSKOMTEE 2006**

Die bestuurskomitee was besonder klein in 2006 deurdat die Voorsitter ongestel was en die tesouriere gedurende die jaar gevind het dat sy nie die mas kon opkom nie weens 'n drukte op kantoor. Afgesien van die deurlopende harde werk van Anna Martin vir die biblioteek, moes die sekretaresse, Margaret Lodder noodgedwonge die veeleisende taak van tesouriere ook hanteer. Ellen Harmse moes benewens haar portefeulje vir navorsing (sien bo) ook nog die Nuwe Lede byneem. Petro Naudé het, nadat sy in Maart by ons aangesluit het, dadelik met ywer haar taak opgeneem. Ondanks die druk waaronder ons gewerk het, was die spangees buitengewoon, en wil ek graag al hierdie lede van harte bedank vir hulle wonderlike samewerking gedurende 2006.

#### **BEST ARTICLE IN FAMILIA, 2006**

The Northern Transvaal Branch, will again be awarding a prize for the best article in *Familia* published in the previous year. It was decided on by a panel comprising Anna Martin (convenor), Richard Ford and Thys du Preez. The winning entry was by **Kowalski, Mariusz**, *Polish Boer Families - The influence of early Polish immigration on Boer families*. (Vol 43 no 2, p 38)

The award is presented at the national AGM and the winner is invited to attend the dinner on the Saturday evening following the AGM.

#### **NEWS LETTER . NUUSBRIEF**

Die tak se maandelikse Nuusbrief word allerweë verwelkom, veral deur lede wat nie instaat is om die vergaderings by te woon nie.

#### **D.J.J. BOTHA**

Wvd. Voorsitter.